Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




# Die O.B.




VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 7 FEBRUARIE 1945 No. 11

# SKADUWEE VAN HONGERSNOOD VAL OOR SUID-AFRIKA

## 150 Twistende Politici in Josefsrol

*'n Dreigende hongersnood werp vandag sy skaduwee oor die hele Suid-Afrika. In die stede is dit nie meer net 'n bedreiging nie, maar 'n werklikheid. Honderde gesinne verkeer vandag in 'n toestand van paniek omdat daar nie genoeg kos te kry is nie. Arm mense weet in sommige stede nie eens meer hoe vleis smaak nie, en weens die oorlogsdwaasheid van die bewindvoerende politici is daar selfs in die kusstede 'n gebrek aan vis — die gewone plaasvervanger vir vleis vir die armes. Talle ander voedselsoorte is òf glad en geheel nie verkrygbaar nie òf so onmoontlik duur dat dit net as weelde deur die rykes gebruik kan word.*

Om alles te kroon heers daar 'n droogte oor die grootste deel van die land wat nou reeds al soveel skade aan oeste berokken het dat 'n krisis dientengevolge sal intree.

Die mielie-oes is vir die grootste deel reeds deur die droogte vernietig en ondanks die uitkoms op sommige plekke sal daar nouliks voldoende mielies wees vir menslike gebruik. **Die voervraagstuk het daarmee 'n verskerping ondergaan. Daar is reeds aangekondig dat van hierdie maand af geelmielies net aan pluimvee- en varkboere verskaf sal word, en dan ook maar net die helfte van wat nodig is. Dit beteken dat hierdie mense hul boerdery met die helfte sal moet snoei. Vir 'n paar weke kan so 'n stap 'n ligte verbetering op die vleismark meebring, maar daarna is die voorradebron met die helfte getap, en beteken dit 'n verdere, dalende tekort in die toekoms.**

**BROODGEBREK?**

Die koring- en aartappeloes is ook 'n mislukking in baie dele van die land. Daar word bereken dat ons 'n miljoen sak koring te kort het, en die rantsoenering van brood word reeds as 'n moontlikheid bespreek. Dit sal beteken dat die vernaamste kossoort waarop die armes nog aan lewe bly, dan vir hulle beperk sal word.

Op plekke waar dit gereën het, is soveel skade aangerig deur haelbuie dat baie van Natal se aartappeloes nog weer hierdeur verlore gegaan het. In ander dele lê baie lande onbeplant weens die droogte.

Die vleisposisie is eenvoudig buite beheer. Reeds voor die droogte het daar weens misdadige uitvoer van regeringsweë 'n krisis ontstaan. **Die minister van Landbou het verlede jaar openbaar dat daar in die vier voorafgaande oorlogsjare een jaar se beeste ekstra en nege maande se skape ekstra uitgevoer is na Engeland. Reeds 'n jaar gelede was die vleisposisie so kritiek dat verantwoordelike amptenare verklaar het dat die boere hul aanteelvee op die mark sit, en deur die Minister self is aan die einde van verlede jaar erken dat ons veestapel geweldig uitgedun is en dat jong vee bemark word wat ver onder die gemiddelde gewig is.**

**GEEN VIS**

Onderwyl die regerende politici deur hul oorlogsdwaasheid boere tot so 'n uitroeiing van die land se veestapel aangemoedig het, het hulle die grootste deel van die land se vissersvloot opgekommandeer om vir Engeland in die Middellandse See en elders patrolliewerk te gaan doen. **Die gevolg was dat selfs in ons kusstede vis 'n gesogte weelde geword het. Voor die oorlog het die meeste armes op vis gelewe.** Eers aan die einde van verlede jaar het die oorlogsbewind uit sy slaap geskrik en 'n paar visbote vrygestel. Dit kon egter totsover nog niks aan die nood verhelp het nie.

Na vis was die enigste ander plaasvervanger eiers. Maar met die uitdunning van die pluimveekuddes, en om ander redes, word daar so 'n tekort aan eiers binnekort verwag dat daar selfs sprake is van een eier per gesin per week.—Reeds nou al is geen eiers meer te kry in sommige winkels nie.

Met dit alles voor oë het die politici aan bewind verlede jaar nog byna 2,000,000 pond botter en 'n kwartmiljoen pond kaas uitgevoer. Dit sluit nie in wat na die leërmagte uitgevoer is nie.

**MAGTELOSE POLITICI**

Die politici staan nie net magteloos teenoor hul eie kortsigtigheid en hartstogte nie, maar hulle staan te midde van hierdie nood totaal magteloos teen die gewetenlose swartmarkhandel wat sulke noodtoestande aangryp om woekerwins uit die weerlose volk te moker. **Aan die lig is by voorbeeld gebring dat onderwyl die vleisskaarste heers, daar 'n paar maande gelede vleis naby Kaapstad in die see gegooi is ten einde gunstige swartmarktoestande te skep.** Hierby moet in aanmerking geneem word die uitlating van min. Strauss 'n paar maande gelede dat Geallieerdes 85 persent van die Unie se voedselvoorrade vanjaar opgeëis het.

Die hele toekomsprent word nog verduister as in gedagte gehou word dat daar geen eenheidsoptrede van die volk teen die gemeenskaplike gevaar is nie. **In hierdie noodtoestand is die land onder beheer van politici wie se gemeenskapsgevoel geoordeel kan word uit die versoek verlede week in die parlement dat parlementslede vrygestel moet word van die vleisbeperkings wat daar op die publiek rus!**

**Verder is dit die volk se lot dat die regeringstelsel verdeelde optrede vereis deur dat van een deel van die politici, die amptelike opposisie, verwag word om elke maatreël van die regering te beveg en te verongeluk met die oog op 'n aanstaande verkiesing. Selfs waar die regeringsamptenare nog ingryp om iets te red, word van die opposisie verwag om dit te bestry.**

**In sulke omstandighede gaan Suid-Afrika sy eerste hongersnood tegemoet — uitgelewer aan 150 twistende politici!**

## Vrees Rantsoenering

**Die regering het aangekondig dat hy 'n rantsoeneringskema oorweeg, maar dat baie moeilikhede in die weg van so 'n stelsel staan. Een van die grootste moeilikhede in dié verband— wat die regering egter nie noem nie— is die feit dat daar reeds so 'n gebrek aan voedsel bestaan dat as rantsoene op gelyke voet uitgedeel sal word, diegene wat vandag nog op 'n manier klaarkom, dan gedwing sal word om ook onder die broodlyn te leef — en die regerende politici weet dat soiets hul nederlaag by die stembus sal beteken. Dit is slegs nog die honger van tienduisendes wat die paar duisend bevoorregtes in staat stel om normaal te eet.**

## Praathuis Lewer Na 12 Dae Nog Geen Werk

**Die senaat was verlede Woensdag nog tot so 'n mate sonder werk omdat die volksraad niks behalwe praatjies lewer nie, dat die verdaging deur sen. Clarkson voorgestel is.** Hy is ondersteun deur sen. C. A. van Niekerk (H.N.P.) wat as volg verklaar het:

„Dit is pynlik vir senatore om dag na dag net vir 'n paar minute te sit, 'n paar vrae te stel en dan te verdaag. Die regering behoort te gesorg het vir werk. Ek glo nie dit is in belang van die volk en die senaat om so aan te gaan nie. Dit is vernederend vir die senaat en maak hom belaglik. As dit so voortgaan, sal die geloof sterker word dat die senaat nie aan sy doel beantwoord nie."

Die parlement het reeds op 20 Januarie begin, maar 'n groot deel van die tyd gedurende die eerste week is in beslag geneem deur getwis of 'n mosie van sensuur 'n mosie van wantroue is al dan nie, en of so 'n mosie voorkeur moet geniet bo regeringswerk. Die gevolg was dat daar so 'n bietjie gepraat is oor die „mosie" en dan weer so 'n bietjie gewerk word aan 'n begroting, en met hierdie links-regs-pas kou die parlement aan die bestaan van die volk — en les bes, aan die bestaan van die senaat!

---

**Die reuk** van uie aan u hande kan voorkom word deur u hande, voordat u met die uie werk, deeglik in te vrywe met growwe sout.



MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

SCHOEMANELLO DRANK....
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.**

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

# Joodse-Kommunistiese Aanslag Teen Sondagswette

## Godsdiensgevoel Beskryf as Reliek — Uit Donker Eeue

**Die huidige staatstelsel van die Unie, wat dit moontlik maak vir Jode en volksvreemdes om ons stede en dorpe te regeer, het 'n nuwe aanslag op ons volksedes en die landswette laat plaasvind. Dit gaan hier om die heiliging van die Sabbat. Onder kommunistiese en Joods-liberale invloed is daar tans 'n beweging aan die gang om alle Sondagswette oorboord te smyt, en in hierdie beweging neem die Kaapse stadsraad die onverantwoordelike voortou.**

Die ding het begin toe daar by die aanvang van die oorlog sterk geagiteer is om bioskoopvertonings vir Britse Tommies en matrose in Kaapstad te hou. **Tans word daar weer geagiteer vir die vertoning van kommunistiese prente op Sondae en hierin word die kommuniste bygestaan deur die Joodsbeheerde stadsraad — met uitsondering van agt lede wat deur die vreemdelinge in die raad uitgekryt word vir pervers en bekrompe.**

**Op sy jongste vergadering verlede week het die stadsraad met 22 stemme teen 8 besluit om vergunning te verleen aan die Vriende van Rusland om ses agtereenvolgende Sondae bioskoopvertonings van Russiese prente te hou.**

..Hierdie besluit is in stryd met 'n Ordonnansie wat vermaaklikhede op Sondae belet en is gegeneem nadat die polisie die vorige week so 'n vertoning belet het. **Ons het dus hier die posisie dat 'n konstitusionele liggaam, volgeprop met vreemde minderes, openlik en doelbewus die spot dryf met die wette van die land en dit ignoreer asof dit nie bestaan nie.**

Wat hierdie mense dink van die land se wette en gewoontes, blyk uit die volgende skimptaal van een van die woordvoerders. Hy is lid D. L. Dryburgh, wat verklaar het dat die onlangse verbod op so 'n vertoning „grootliks belaglik" was. „Die wet van 1895 het in onbruik verval en behoort na die Historiese Monumentekommissie gestuur te word as 'n oorblyfsel uit die donker eeue," aldus hierdie kenner van Afrikaanse sedes.

Met verwysing na die wet op Sondagsheiliging het hierdie patriot hom ook nog die volgende laat ontval: „**Ek weet daar is mense in Kaapstad met perverse geeste. Miskien is dit een van hulle wat ons berge aan die brand steek.**"

Van die polisie is egter verneem dat hulle hierdie vertonings nie ongestraf sal toelaat nie. Maar wat sê die ere-president van Sowjet-vriende, dr. Colin Steyn, Minister van Justisie, hiervan?

# Werkers Altoos Aan 'Kortste End

Die kringloop van ellende onder kapitalistiese bewind is geskets deur die stafhoof van die O.B.-Arbeidslaer, hfkomdt. W. R. Laubscher, toe hy op 29 Januarie 'n werkersvergadering in die Paarl toegespreek het.

Komdt. Laubscher het op 'n baie interessante wyse 'n oorsig gegee van die arbeidsgebeure in S.-Afrika en aangetoon hoe die kapitalisme hand aan hand gegaan het met die Imperialisme. Die twee strome is egter apart beveg — aan die een kant deur die nasionalisme en aan die ander kant deur die arbeidsbeweging. Albei het hul helde opgelewer maar moes die onderspit delf omdat hulle alleen geveg het.

Waar die leiding eers in die hande van uitlanders was, het die O.B.-Arbeidslaer gekom om die stryd vir die arbeider voort te sit, en daar kan slegs voortbeweeg word wanneer Nasionalisme en Sosialisme mekaar die hand gee. **In die O.B.-arbeidslaer word hierdie handdruk bestendig en geen party sal daarin kan slaag om hierdie nuwe wending in sy gang te stuit nie.**

**LONE**

Hierna het hfkomdt. Laubscher verwys na die Nywerheidsversoenings- en Loonwette en aangetoon hoe hulle nie voldoen aan die vereistes t.o.v. menslike verhoudings, geestelike waardes en arbeidsvermoëns waarmee in die toekomsstaat rekening gehou sal word nie. Die Nywerheidsversoeningswet was 'n prysenswaardige poging om op te tree in belang van beide werkgewer en werknemer, **maar die rigting daardeur aangedui kan nooit ten volle ontplooi nie omdat die reg onder die huidige stelsel aan die kant van die kapitalis alleen is en omdat arbitrêre optrede beïnvloed word deur partypolitieke stemvangery. Daarby kan die voordeel wat nog aan die wet verbonde is, benut word deur slegs 150,000 werkers, terwyl 450,000 werkers tevrede moet wees met die onbillike en onekonomiese bepalinge van die Loonwet.** Loonbepaling onder laasgenoemde wet geskied ooreenkomstig die draagkrag van die betrokke nywerheid of bedryf sonder inagneming van die werker se behoeftes om siel en liggaam aanmekaar te hou. Genoemde „draagkrag" word van bo bepaal en maak natuurlik ruim voorsiening vir die saldo van die kapitalistiese werkgewer.

**DIE KRINGLOOP**

**So 'n „lapwerk"-wet binne die lamlendige raamwerk van 'n partybewind bied 'n vrugbare teelaarde vir kommunistiese agitators en ontevredenheid word links en regs gesaai.** Loonsverhoging word gedurig bepleit om die arbeiders te oortuig van die kommunis se „besorgdheid" oor hul welsyn. **Hoër lone word wel verkry, maar nie ten koste van die kapitalistiese werkgewer nie, want die verhoging wat afgedwing word, word weer aangevul deur hoër pryse vir sy produkte te vra, en hierdie vermeerdering laat weer lewenskoste styg.** So kry ons die aanhoudende kringloop van lae lone (ontevredenheid), agitasie (groter ontevredenheid), afgedwonge loonverhoging, styging in pryse (hoër lewenskoste), inflasie, laer lone, agitasie......ens. tot in die oneindige. **Hierdie toestand van gedurige ontevredenheid is baie voordelig vir partypolitieke beloftemakers en opportuniste.**

Ten slotte het mnr. Laubscher uiteengesit hoe die O.B. met sy Arbeidslaer orde gaan bring uit hierdie chaos en hoe verantwoordelike leiding binne die volkstaat harmonie tussen die verskeie belangegroepe teweeg sal bring op gesonde sosialistiese basis, gepaard met nasionalisme.

# SO WERK DIE STELSEL TEEN DIE VOLK!

'n Tipiese voorbeeld van partypolitieke toutrek teen die belang van die volk het verlede week in Kaapstad voorgekom. Onderwyl die opposisie in die parlement lang toesprake hou in verband met 'n „mosie van sensuur" waarin die regering aangekla word omdat hy niks doen om die voedselvraagstuk op te los nie — **en tereg ook** — het die voedselkontroleur op 'n veeveiling te Kuilsrivier, naby Kaapstad, ingegryp en die helfte van die slagvee gekommandeer vir Kaapstad wat al weke sonder vleis sit.

**Hierdie stap was 'n harde hou teen die swartmarkhandelaars wat digby Kaapstad buitensporige pryse betaal vir slagvee om dit dan na die stad te smokkel teen woekerpryse. Dit was dus een van die weinige stappe van die regering om darem iets te doen.** Nogtans het die opposisie-pers die volgende dag krokodil-trane laat huil oor hierdie ingryping. Die Burger het 'n halwe kolom afgestaan aan 'n afslaer wat die boere aanmoedig om liewer nou geen vee na die Kuilsrivier-mark te stuur „solank as die kontroleur sy magte op hierdie manier gebruik nie".

Volgens die Britse parlementêre konstitusie is die werk van 'n opposisie om alles teen te staan wat die regering voorstel of doen, ongeag of dit in belang van die volk is. Op hierdie teenstand rus 'n beloning — om self in die kussings te kom as jy deur jou teenstand die regering (nasionaal of onnasionaal) belet om iets vir die land te doen sodat die kiesers dan weer vir jou kan stem.

**Dit is die euwel van die stelsel: Die helfte van die volkskrag word aangewend om af te breek teen die ander helfte, en die vooruitgang van die land stem meer of min ooreen met die bietjie wat die regering sterker is minus sy vrees vir 'n volgende verkiesing. Maar omdat die vrees vir 'n verkiesing altyd sterker is as sy pligsbesef teenoor die volk, is die resultaat gewoonlik nul. Daarom dat daar geen vooruitgang kan wees in 'n partypolitieke staat nie.**

Hoe anders is dit in 'n land waar die hele volk gemobiliseer word om saam te werk, soos in die Boererepublieke by voorbeeld, of die republiek van die O.B., wat berus op groepverteenwoordiging, en dus samewerking.

RAKETTE
*ASOOK ANDER SPORTBENODIGHEDE*
*stuur aan*
VAN ZYLS
*vir*
*HERSNARING*
DIE PAARL
OOK TE PORTERVILLE.

## Die Transvaler Gestriem

Onderstaande brief is deur die sekretaris van die O.B.-Noodhulpfonds, genl. E. Puren, aan Die Transvaler geskryf na aanleiding van klagte deur 'n geïnterneerde oor werkverskaffing:

„Dit is met belangstelling dat ek die brief van mnr. M. J. Marx, 'n oud-geïnterneerde, in u uitgawe van 13 deser gelees het. Van u hoofartikel van 15 deser het ek kennis geneem. Tereg kom u tot die gevolgtrekking dat daar vir die geïnterneerdes en hulle afhanklikes die nodige gedoen moet word sodat hulle weer in die maatskaplike lewe ingeskakel kan word en selfstandig kan wees. En u vra wie die leiding sal neem in verband met hierdie arbeid.

„Dit is verblydend dat ook u eindelik besef dat daar iets gedoen moet word. Onnodig is dit egter om nou, nadat die vervolging van u volksgenote reeds jare lank aan die gang is, iemand te soek wat die leiding gaan neem. **Meer as drie jaar gelede het die Ossewabrandwag die leiding geneem deur die O.B.-Noodhulpfonds in die lewe te roep en sedert dié tyd is oor die £62.000 bestee aan die versorging van die afhanklikes van die geïnterneerdes en ander politieke gevangenes, aan betaling van assuransiepremies, aan beskerming van eiendom, aan gesondheidsversorging, vervoer, rehabilitasie van teruggekeerde geïnterneerdes, ens. ens. Ook het die Ossewabrandwag vanaf die begin gesorg dat oud-geïnterneerdes in werkkringe geplaas wòrd of 'n eie onderneming aan te pak.** Graag sou die Ossewabrandwag veel meer wou gedoen het maar hy het ten minste gedoen wat sy hand gevind het om te doen.

**ALLEEN**

„Die leiding is geneem en veel meer as dit is gedoen terwyl geen ander Afrikanerorganisasie, òf op eie houtjie òf in samewerking met die O.B. iets gedoen het by wyse van die versorging van die slagoffers van die huidige volkstryd nie. Die Ossewabrandwag sal dit waardeer as ook ander organisasies eindelik iets wil doen. — so nie, sal hy voortgaan met te doen wat hy kan, soos in die verlede.

„U moet nie nou in die sesde oorlogsjaar kom vra wie die leiding gaan neem nie, maar in die eerste plek wat u eie plig en dié van u koerant is.

„U kan o.a. die volgende doen:

„1. U kan probeer om geld vir hulp aan geïnterneerdes in te samel. Probeer in elk geval om self iets te doen i.p.v. net te praat en te skryf. Die probeerslag is al iets werd, selfs al is die sukses klein.

„2. **U kan ophou om vooruitbetaalde advertensies van Noodhulpfunksies te weier en u kan ook die ander H.N.P.-koerante daarop wys dat hulle weiering van sodanige advertensies onchristelik en onnasionaal is omdat daardeur bewys gelewer word dat die daaglikse brood wat die O.B. deur noodhulp besorg aan die afhanklikes van die geïnterneerdes, hulle nie gegun word nie.**

„3. U kan ophou om soos in die genoemde artikel, die O.B.-Noodhulpfonds onder verdenking te bring en u kan die goeie werk wat die O.B. in hierdie opsig doen, aan u party en aan ander organisasies voorhou as 'n navolgingswaardige voorbeeld.

„Wat mnr. Marx betref, as hy hom tot die O.B.-Noodhulpfonds om hulp gewend het, sou hy nie honger gely het en sou hy ook nie nodig gehad het om van sy klere te verkoop nie.

„Hierdie brief is vir plasing in u koerant bedoel en as u dit nie as sodanig kan opneem nie, kan u dit maar as advertensie plaas en die Ossewabrandwag sal daarvoor betaal."

## VIS -- SONDER SEGREGASIE

In Kaapstad tou die mense deesdae om vis in die hande te kry. Ons bedoel Kaapstad, wat aan die see lê. Diegene wat 'n stukkie vis lus, moet maar inval in die tou en hul beurt afwag. Ons het nou-die-more by so'n vis-tou verby geloop. Dit het al die skakerings van kleur waarvoor Kaapstad befaamd is, verteenwoordig, en oor almal heen het 'n prikkelende visreuk gehang.

## Tommies in hul Element

Volgens berig van 'n oorlogskorrespondent van Reuter skep die Britse Tommies innerlike behae in die vernietiging van Duitse huise en plase. Hy verklaar dat die hele streek tussen die Roer- en Maasrivier onbewoonbaar gemaak is vir mense. Geen huis het gespaar gebly nie. **„Onder die Britse troepe het ek nie 'n enkele woord van spyt gehoor oor hierdie verwoesting nie. Dit lyk asof die meeste Britse soldate die hoop koester dat die hele land dieselfde behandeling moet ondergaan,"** skryf die korrespondent.

Tonele soos tydens die Tweede Vryheidsoorlog, toe Britse Tommies vuurgemaak het met huisraad, word hier weer afgespeel.

## Jaaroud Wet Nog Nie Wet

Dit het die parlement verlede jaar die helfte van die jaar geneem om hom besig te hou met wetgewing in belang van die land. Gedurende hierdie tyd is ongeveer „vyftig brokkies wetgewing" afgehandel, na in die pers na afloop van die sitting berig is. **Dit blyk nou dat selfs van die belangrikste wetgewing nog nie eens na 'n jaar afgekondig en dus van toepassing gemaak is nie. Volgens erkenning van die Minister van Arbeid is een van die belangrikste wette wat verlede jaar gepasseer is, die wet op vakleerlingskap, nog nie afgekondig nie omdat daar dan glo nog allerhande haakplekke is met belangegroepe.**

Die parlementêre demokrasie het inderdaad 'n punt van stilstand bereik!

Ongeveer vyf miljoen woorde het tydens die sitting oor die koppe van die publiek gerol. Uit hierdie stortvloed is vyftig maatreëls gebore, en van hierdie vyftig is minstens twee van die belangrikstes nog nie toegepas nie. Die ander een is die wet in verband met behuising. Dit is onderstof geloop deur noodregulasies wat bouery verbied selfs waar iemand die materiaal het!

## R.D.B. Verskaf Aan Soldate Werk

Volgens berig in Die Vaderland verleen die Reddingsdaadbond hulp aan die regering in verband met die werkverskaffing aan oud-soldate. „'n Groot aantal soldate wat ontevrede is met die karige hulp wat deur die Demobilisasieraad aan hulle beloof is, het reeds aan die Reddingsdaadbond gevra om hulle van werk te voorsien. Die meeste van die applikante is aan goeie poste gehelp," lui die berig.

Onder die voorbeelde wat genoem word, is een van 'n soldaat wat by die Demobilisasieraad aansoek gedoen het om 'n bedrag vir die oprigting van 'n haarkappery. Die bedrag wat hy ontvang het, was onvoldoende en deur die RDB is toe vir hom werk gevind waar hy vandag £8 per week verdien.

Honderd-en-sestig oud-soldate het aansoek gedoen en 83 is in werk geplaas. Onder diegene wat so gehelp is, is ook 'n aantal Engelssprekendes, een van wie 'n betrekking van £45 per maand ontvang het.

## Vroue Klop Aan Poorte Van Die Ryk van Vettes

„Kyk na die parlementslede, hulle weeg almal 200 tot 300 pond. Bedags praat hulle die grootste kaf hier in die parlement en ons word belet om te gaan luister na die kaf wat hulle verkoop, anders weet hulle stem ons nie weer vir sulke vettes nie," is woorde wat verlede Woensdag voor die parlementsgebou gehoor kon word toe kwaai vroue met baniere vleis van die parlementsgebou geëis het. Ons sê „gebou", want die lywige voorwerpe van bespreking het sorg gedra dat die dreigende publiek nie aan die uitnodiging van betragting kon voldoen nie — hulle was diep binnekant die bewaakte heiligdom besig om te herstel van die ryke vleisdis wat hulle genuttig het.

„Kyk rondom julle na die blink motors wat hier staan. Dit behoort almal aan hierdie klomp vettes in die parlement. Hulle kom uit alle dele van die land en kry genoeg petrol om hier rond te ry. Gaan kyk maar waar is hulle snags; dan kry jy hulle daar buitekant by Muizenberg besig om hulleself te geniet, terwyl die volk hongerly," het die verwyte verder geklink teen die polisiewagte wat as buffer moes optree tussen die aanklaagsters en die gewraakte dikkes daarbinne. „Ons moet die parlement omver werp en ons eie mense wat werk — spoorwegmanne en sulke mense — kry om vir ons wette te maak. Hierdie klomp weet van niks. Hulle ken nie die behoeftes van die volk nie. As hulle nog iets wil doen doen hulle dit agterstevoor. As jy vandag 'n lemoen wil koop, moet hy afgeweeg word — seker 'n stuk van die skil afgesny word as hy te swaar weeg, maar in hierdie tyd het die meeste vrugteverkopers geen skale nie en is daar ook nie te kry nie."

So het dit aangehou. Na lank gesukkel het daar darem een parlementslid sy verskyning gemaak. Daar kon nie vasgestel word of sy liggaam dan of sy gewete die ligste was onder hierdie keurbende van politieke gewigtiges nie. Hy het in elk geval daarin geslaag om oor die versperrings te klouter en 'n belofte te doen — ooreenkomstig die aard van sy nering.

AANKONDIGING ! !

**SPRINGBOK MEUBELS**

**Die Huis- en Kantoor-Meubeleerders**

**OPEN**
**VANAF 1 FEBRUARIE**
'n tak te
**Jan Phillipsgebou,**
**Lady-Greystraat,**
**PAARL.**
(Voorheen: Van Schaiks)

Rig navrae aan:
Victoriaweg 171, Woodstock.

**Laat die Erwe van die Vaders, vir die Kinders Erwe bly:**

Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik

**HUURGELD IS BLOEDGELD**

Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê hoe:

**Wesrand Eiendoms Verkopings (Edms.) Beperk**

Posbus 46, Foon 62-1764.
MARAISBURG

**BIOGRAFIEË**
**van**
**TWEE GROOT**
**VOLKSHELDE**

• **PAUL KRUGER**

Deur Dr. F. Postma. 4/6 posvry. Dit is gesonde leesstof wat veral deur ons jongmense met vrug gelees mag word — D. W. Kruger in **Ons Eie Boek.**

• **GENERAAL J.B.M. HERTZOG**

Deur C. M. van der Heever. 25/- posvry.
„My vriend, die vyand van Hertzog, wees dankbaar vir wat hy vir jou Afrikanersiel gedoen het". — Langenhoven.

**Godsdienstige Werke:**

• **Die Grond van die Sedelike**

Deur Prof. dr. H. G. Stoker. 2/3 posvry.

• **Die Eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding**

Deur Prof. dr. J. C. Coetzee. 1/9 posvry.

• **Die Kosbare Goud**

(Gereformeerde Geloofsleer) deur Predikante van die Gereformeerde Kerk ... ... ... ... ... 8/6 posvry.

**'n Nuwe Digbundel:**

• **Adam en Ander Gedigte**

Deur W. E. G. Louw. 6/3 posvry.

**ROMANS van**
**Regina Neser**

• **SOLITAIRE**

6/10 posvry.
Regina Neser oortref haarself in „Solitaire" en dis ongetwyfeld haar beste werk.

• **BLARE WAT VAL**

6/10 posvry.

**„LEESLAER"-NOVELLE-REEKS:**

**1/6 posvry elk. 16/- posvry vir twaalf.**
Mikro ... ... ... ... Saluut Korporaal.
K. Kielblock:
Die Avontuur van die Vrywillige Gevangene. — Die Avontuur van die Goue Beeld. — Die Avontuur van die Goewerneur se Dogter.
T. C. Pienaar ... 'n Versmoorde Snik.
J. Malherbe ... ... ... Dit is my Plig.
P. Marais ... ... ... Gesteelde Lewens.
B. Viljoen:
Na Kantoorure. Waterlote.
M. S. van Rooyen:
Rooi Ridder van die Lug.
Frits Steyn ... ... ... Drie Man Sweet.
K. v. d. Heever ... ... Uitdraai-Paaieê

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**

**Posbus 29 — Pleinstraat**
**STELLENBOSCH**

**„Diens! sal die Wagwoord wees"**

DIE O.B., WOENSDAG, 7 FEBRUARIE 1945

# VREES SAMEWERKING

Toe Die O.B. 'n paar weke gelede gepleit het vir nouer aaneensluiting van ons volksgeledere, het dit heelwat reaksie uitgelok by H.N.P.-blaaie, wat koue water op die voorstelle probeer werp het. Van die leiers het self so ver gegaan om oproepe in die pers te plaas waarin hul volgelinge gewaarsku word om nie deel te neem aan enige versoeningspogings nie omdat dit dan die party sal ondermyn. Ons noem dit omdat daar deur sommige blaaie verklaar is dat die O.B. sy eie swakheid openbaar met hierdie eenheidspoging. Ons wil vandag hierdie beskuldiging nader behandel.

Die Ossewabrandwag se pogings om 'n eenheidsfront te skep waarin die hele volk betrokke sal wees en nie net 'n klompie beroepspolitici nie, dateer nie maar van gister of sedert die skeuring nie; dit is 'n saak waarvoor hy hom beywer het toe hy die toppunt van sy krag bereik het. **Dit was in Junie 1941, toe die O.B. soveel geesdrif by die volk gewek het dat die H.N.P.-leiding dit gerade geag het om die partykonstitusie so te wysig dat dit ook die vorm van 'n kommando-stelsel sal aanneem, dat die Ossewabrandwag saam met ander volksorganisasies 'n aanbod tot samewerking gedoen het aan die leier van die H.N.P., wat na sorgvuldige oorweging, 'n paar dae later die aanbod aanvaar en medewerking verleen het aan die stigting van 'n Eenheidskomitee.**

Die Ossewabrandwag was nog nooit bang vir samewerking met ander organisasies nie, omdat hy besef dat sy doel saamval met die belange en begeertes van die volk. Maar dit is opvallend dat die H.N.P.-leiding steeds 'n beleid van afsondering en uitskop navolg. **Sy krag vind hy in afgesonderheid. Sodra daar samewerking en versoening kom, so waarsku sy leiers, is dit ondermynend vir die party, met ander woorde raak die party aan verdwyn.** Is dit dan nie 'n klinkende bewys dat die bestaan van so 'n party in stryd met die belange van die volk is nie? As dit alles pluis is, hoef mens mos nie jou bestaan te vrees as jy jou versoen met die volk nie?

### VREESMOTIEF

Die rede vir hierdie vreesagtigheid wil ons toeskryf aan die feit dat die partywese ontaard het tot 'n selfsugtige strewe na mag, losgeruk van die volk. **Die hoofmotief by die politici het geword om in die kussings te kom en nie meer om die volk te dien nie.** Daarom moet die buitverdelers beperk word tot 'n minimum — net genoeg om die buit te verower, en daarom moet ander groepe wat dit eerlik meen met die volk, vermy word — ja verdag voorgestel word as dit maar net die eenheid kan verydel, soos blyk uit die insinuasies van b.v. Die Kruithoring dat die O.B. en kommuniste dieselfde is omdat hulle praat van sosialisme en die O.B. van nasionale sosialisme! **Die feit dat Rusland en Duitsland wat vandag in 'n doodse stryd gewikkel is met mekaar, elkeen ook praat van sosialisme — wat hemelsbreed verskil — vergeet hierdie politici geriefshalwe. Intussen help dit darem om eenheidspogings te verongeluk.**

# EEN DAG SE INKOMSTE VIR U VERTRAPTE BROER!

## Voorstel van Noodhulpkomitee

**Die Sekretaris van die O.B.-Noodhulpfonds, genl. E. Puren, rig onderstaande oproep tot O.B.-lede in verband met Vryheidsdag:**

„Vryheidsdag is die geleentheid by uitstek wanneer elke offisier en lid van die Ossewabrandwag in klinkende munt sy offer bring; wanneer hy, m.a.w., nie net met lippetaal die dade van die vaders roem en dan gedwee toesien dat hulle nasate as houthakkers en waterdraers van die Vreemdeling gebrek ly nie.

**„Op hierdie dag wil ons veral in gedagte hou dat 'n duisendtal van ons broers in die kampe en tronke van die Empire hul persoonlike vryheid ingeboet het vir die vryheid van hul volk; dat hulle vier jaar lank elke dag van elke 365 dae se inkomste vrywillig prysgegee het.**

„Vra ons dan veel waar ons verwag dat elkeen van ons **minstens een dag se salaris of inkomste sal afstaan** vir die versorging van hul afhanklikes? Dit is wat die Noodhulpkomitee aan die hand doen vir elke man van ons Beweging met 'n verdienste."

Hy doen verder aan die hand dat „Dorpskommando's die moontlikheid van straatkollektes vir die Noodhulp behoort te ondersoek, en dat verkopings ook op Vryheidsdag ten bate van die Noodhulpfonds gehou word, waar doenlik.

Die kissie sal, soos verlede jaar, by die viering gebruik word om offers te ontvang.

„Daar kan ook vir bydraes aangeklop word by goedgesindes wat nie O.B.-lede is nie en by sakeondernemings wat deur Brandwagte ondersteun word. — In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat die Noodhulpfonds 'n fonds van die O.B. maar nie vir die O.B. is nie; dit word bestee slegs aan ondersteuning van die huisgesinne van geïnterneerdes en politieke gevangenes en aan die administrasiekoste daaraan verbind;

„Daar sal alleen van die amptelike kollektelyste gebruik gemaak word. Doen aansoek vir u lyste by u eie Gebiedskwartier."

# Oorlogswendings

**(Deur prof. J. A. Wiid)**

Sedert ons laaste buitelandse oorsig ietwat langer as 'n maand gelede, het die oorlog in Europa 'n kritieke wending vir die Duitsers geneem. Waar Duitsland in die huidige oorlog nog altyd daarin geslaag het om op vreemde bodem te veg en sy eie bodem van vyande vry te hou, 'n paar grensgebiedjies in die weste en in die ooste uitgeslote, daar het die vyande van die Duitsers gedurende die laaste weke daarin geslaag om diep in Duitsland binne te dring. Die verlies van waardevolle grondgebied wat vir die Duitse ekonomiese huishouding onmisbaar is, die ontruiming van miljoene Duitsers uit die besette dele en hul behuising en voeding in die winter agter die oorlogsfront moet sonder twyfel die regering in Berlyn voor uiters ernstige vraagstukke stel. Daarby kom nog dat die militêre posisie van die Duitsers as sodanig erg versleg het. Met hul nywerheidsgebiede erg deur die Geallieerdes se lugmag gehawend, kom die Duitsers buitendien nog te staan teen 'n oormag van mense en materiaal wat eenvoudig oorweldigend moet wees. In hierdie omstandighede is dit geen wonder dat daar min mense is wat nie in 'n algehele militêre nederlaag van die Duitsers glo nie en dat 'n dergelike nederlaag in die nabye toekoms gestel word.

### Die „Duitse Wonder"

Dit is egter 'n ondankbare taak om by die toekomstige verloop van die huidige oorlog stil te staan. Die wêreld het sedert 1 September 1939 reeds genoeg ondervinding van wensdenkery en valse profesieë gehad. Omgens beskik 'n buitestander ook nie oor genoegsame gegewens om 'n juiste oordeel oor al die ingewikkelde aspekte van hierdie titaniese oorlog uit te spreek nie. Die geskiedenis lewer volop bewyse dat oorloë 'n skielike wending kan neem en dat die militêre aspek van 'n oorlog maar een van sy baie aspekte is. As Duitsland nou daarin sal slaag om die noodlot van 'n militêre nederlaag vry te spring of nie, verander niks aan die saak dat die Nasionaal-Sosialistiese Duitsland gedurende sy ses jaar van oorlog presteer het soos weinige volke nog presteer het. Dit is veral die geval as in aanmerking geneem word dat dit alles gepresteer is na 'n verwoestende wêreldoorlog van 1914—1918 en 'n vrede van Versailles. Dit is moontlik dat die Duitsland wat slegs twaalf jaar gelede ontstaan het, eendag in die geskiedenis as die „Duitse wonder" bekend sal wees.

Op die oomblik lyk dit of die Duitsers, tenspyte van die kritieke militêre toestand, enduit sal veg. Hulle weet waarvoor hulle veg en dat 'n sogenaamde vrede ondraagliker kan wees as die vreeslikste oorlog. Nie alleen het hulle 'n kwarteeu gelede ondervinding van die vredesverdrag van Versailles gehad nie, maar hulle word ook daagliks deur hul vyande vertel wat vir hulle na die oorlog wag. Die Duitsers in die sesde jaar van die huidige oorlog verskil veel van die Duitsers in die vierde jaar van die vorige oorlog. Hierdie keer is daar geen verbrokkelende politieke partye nie wat terwille van eie skynvoordele gewillig is om nasionale selfmoord te pleeg. Die geskiedenis van volke bewys dat dit nie die hensoppers is nie wat geskiedenis maak nie, hoe plousibel die hensopper ookal sy saak stel. Die Duitse hendsopper sal dit selfs moeilik vind om sy saak plousibel te stel. Daarvoor het die Geallieerdes met hul eise van onvoorwaardelike oorgawe gesorg.

### Die „Russiese Wonder"

Die militêre verknorsing waarin Duitsland vandag verkeer moet in die eerste plek toegeskryf word aan Rusland. Dit is die Rooi leërs wat voor Leningrad, Moskou en Stalingrad en in die geweldige winterveldtogte van 1941 en later die militêre mag van Duitsland ernstig geknak het. Dit is ook die Rooi leërs en nie hul westerse bondgenote wat vandag diep binne Duitsland staan nie. Aan die kant van die bondgenote is dit sonder twyfel die Bolsjewistiese Rusland wat die meeste offers gebring het en op militêre gebied sowel as op die gebied van oorlogsnywerheid en algemene oorlogsorganisasie die meeste presteer het. Dit is geen wonder dat die Sowjet wat nie baie lank gelede as 'n melaatse, as 'n verstoteling in die diplomatieke wêreld bekend gestaan het nie, vandag 'n wêreldmoondheid is op wie alle oë gerig is. Die opkoms van die Russiese kolos gedurende die huidige oorlog en die algemene erkenning wat hy in die wêreld geniet is een van die uitstaande gebeurtenisse van die jongste tyd. Dit is moontlik dat nageslagte die Rusland van vandag nog as die „Russiese Wonder" sal bestempel. Dat die Kremlin in die internasionale politiek vandag die hoogste woord voer, is bekend genoeg. Interessant veral is die „taktvolle politiek" in Washington en Londen wat die ewewig probeer bewaar tussen grenslose dankbaarheid en bewondering teenoor Moskou aan die een kant en vreeslike vrees vir die Russiese kolos aan die ander kant. Hierdie eierdans in Washington en London kom terwille van die „taktvolle politiek" nie in Reuterberigte of oor die radio tot uiting nie maar wel in die onoffisiële tydskrifte van Amerika en Brittanje. Die volgende keer meer hieroor.


**MAJUBADAG -VIERING**

DIE GENERAALSKAP VAN VRYBURG vier

**MAJUBADAG te VRYBURG** op

***27 FEBRUARIE 1945***

**Spreker:**

**Ons Adjunk-Komdt.-Genl. (GENL. J. A. SMITH)**

DIE PLEK VAN BYEENKOMS EN TYD SAL PLAASLIK BEKEND GEMAAK WORD.

***Almal Welkom ! !***



***Dringend Benodig***

VIR INBIND VAN O.B.-JAARGANGE HET ONS 'N TEKORT AAN DIE VOLGENDE NOMMERS VAN DIE 3de JAARGANG:

**Nos. 15, 37, 38, 39 en 42.**

DIT SAL WAARDEER WORD INDIEN OFFISIERE EN BRANDWAGTE WAT VAN HIERDIE UITGAWES HET, DIT SAL STUUR AAN:

***DIE BESTUURDER — VOORSLAG (EDMS.) BPK.***

**Bus 1411 KAAPSTAD**

# Vak en Arbeidsraad Bied Geen Besieling.

## LAPWERK BINNE HUIDIGE STELSEL

**Die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad vergader van 3 tot 6 April in Oos-Londen. Hierdie mededeling het byna geen nuuswaarde as 'n mens die agenda van die konferensie bestudeer nie. Aangesien hierdie liggaam egter voorgee dat hy „namens" die hele arbeidsgemeenskap van ons land praat, kan ons maar gerus nagaan wat hy van plan is om op hierdie konferensie te praat.**

In die eerste plek moet ons vasstel dat die mense wat eintlik „namens" die arbeidsgemenskap wil praat, oorwegend uit betaalde amptenare van die geaffilieerde vakunies bestaan. Hulle het blykbaar baie tyd en veral die lus om hulself met allerhande abstrakte en denkbeeldige teorieë besig te hou. Sover ons kan vasstel, en ons is nogal in die posisie om dit op taamlik omvattende wyse te doen, maak die werkers hulle baie min moeg oor die teorieë van die vakunie-amptenare.

In die tweede plek getuig die agenda van die konferensie dat die Vak- en Arbeidsraad homself in die afgelope jare in honderde frase-agtige kleinlikhede en bykomstighede vasgedraai het. **'n Mens soek verniet in die voorstelle van die geaffilieerde unies na iets groots wat die hele arbeidsgemeenskap in onstuitbare beweging teen die kapitalisme sal bring. Inteendeel, al die voorstelle, wat jaar na jaar byna dieselfde bly, bewys dat die Vak- en Arbeidsraad slegs op moeë en oninspirerende wyse klein en onbeduidende wysiginge van die bestaande kapitalistiese stelsel nastreef.** Hierdie liggaam beskik nie oor die krag en inspirasie om 'n grootse vernietigende aanslag op die kapitalisme te loods nie. **Moet ons dit miskien toeskryf aan die feit dat die Arbeidsraad sy oë net op die belange van die klein groepie hoogbetaalde werkers hou?**

**VREES**

Aangesien die sogenaamde georganiseerde vakuniebeweging in onderlinge twis, magteloosheid, leierloosheid en lewelose abstraksie verval het, verbaas dit ons nie dat baie van die voorstelle vir die konferensie bloot negatief van aard is en gemunt is teen enige moontlike poging om die werkersgemeenskap kragtig en doelbewus teen die kapitalisme te mobiliseer. Die lede van die Vak- en Arbeidsraad is so bang dat die werkers in 'n ander rigting, en by name in die O.B. se Arbeidslaer, hul uitredding uit die kloue van die kapitalisme sal soek, dat hulle selfs die hulp van die kapitalisme se regering by hernuwing daarteen gaan vra. Om hul eie magtelose posisie te handhaaf probeer hierdie uitgediende vakunieleiers om die werkers met 'n sogenaamde „Nazi"-gogga bang te maak!

**Die werkers van ons land stel graag 'n baie eenvoudige vraag aan die lede van die Vak- en Arbeidsraad: as julle dan werklik namens die werkers wil praat, waarom werk julle dan saam met die huidige imperialistiese en kapitalistiese regering? Kan die wolf en die skaap saamboer sonder dat die skaap opgevreet word?**

**OORLOG**

Die inspirerende en moedige organisasie van die werkers, nl. die O.B. se Arbeidslaer, trek vandag die werkers in toenemende getalle omdat hierdie liggaam 'n kompromielose oorlog teen die kapitalisme verklaar het, nie 'n oorlog van holle frases en woorde nie, maar 'n oorlog van durf en daad en moed.

**Die O.B. se Arbeidslaer mobiliseer veral die groot aantal laagbetaalde werkers van ons land, die werkers naamlik wat die meeste deur die kapitaliste vertrap en verdruk word. Hierdie werker vra dan ook met reg of die Vak- en Arbeidsraad nie self die slagofer van 'n uitbuitende kapitalistiese gees geword het nie.**

# Politieke Slagoffers van 'n Partybewind

**J. S. du Plessis wat met dertien kamerade ontsnap het uit die Fort, waarin hy sonder aanklag of verhoor in 'n sel opgesluit was. Later weer in hegtenis geneem.**



„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die stryd verlaat nie, en nie aan die vyand uitlewer nie."

---

**„Sonder Nonsens"** skryf: 'n Vriend van my wat 'n volgeling van dr. Malan is, glo baie aan die kruisie. Nou is hy kwaad vir die O.B. omdat ons nie veel van die kruisie dink nie.

Ek vra hom toe waar hy en ek sal wees as ons aan elkeen in S.A. — wit en swart — die reg moet gee om 'n kruisie te maak.

Dit sal ons ondergang wees. Dit sê ek, en my vriend stem saam.

Ek wil my gesagstaat nie verruil vir al die kruisies van die wêreld nie.

(In die Volksgesagstaat sal die volk ook sy stem kan uitbring, waar nodig, maar dan as 'n familiegroep en nie as 'n bonte kiesersmassa, opgesweep deur politieke partye nie. — Red.)

---

(Vervolg van kol. 3)

hul beskikking, skryf William Bullitt, gewese Amerikaanse gesant in Frankryk en Rusland in die blad Life.

In plek van die ontbinde komintern, wat uit verteenwoordigers van alle kommunistiese partye oor die wêreld bestaan het, is daar nou blykbaar 'n staatsdepartement in Moskou wat die buitelandse organisasie waarneem.

**BETER WEET**

**Burnside's Weekly** vertel van die Engelse blad wat dr. Malan se H.N.P. op Johannesburg gaan uitgee op die 8ste Februarie. Maar dan vertel hy ook waaroor die blad dit eintlik sal hê. Snaaks is die partypolitiek darem gewis. Voordat die H.N.P. se Engelse blad nog verskyn het weet die Arbeidersparty se blaadjie al wat daarin gaan staan. Die O.B. ondervind dit daagliks. Sy teenstanders weet altyd beter wat sy beleid is, as hyself.

# *Ogies in die Nuus.*

**PETAR DIE GROTE!**

„'n Besluit oor hierdie sake (d.i. ooreenkoms tussen Maarskalk Tito en die Koninklike Regering van Suid-Slawië — Red.) moet binne enkele dae geneem word, en as ons so ongelukkig is om nie toestemming van Koning Petar te kry nie, sal maar met die saak voortgegaan moet word asof hy inderdaad sy goedkeuring verleen het. (Gelag en toejuiging)."

Bostaande is Churchill se woorde in die Britse Laerhuis. En hy praat van die koning wat ons eie veldmarskalk Smuts genoem het: Petar die Grote! Voorwaar.

**'N WAARDERING.**

Aneurin Bevan (Arbeider) het gesê dat hy geskok en verbaas is deur die eerste minister se toespraak...... (dit) is 'n karakteristieke stukkie Churchilliaanse onsin. Daar is geen enkele politikus wat beter in staat is om feite te verdraai as die eerste minister nie. „Dit is my oorwoë mening", het Bevan gesê.

Dit is 'n waardering van Winston Churchill, verstrek deur Bevan, in die Britse laerhuis, 1945. In één woord gesê: Churchill, die baas party-politikus.

**SOEK ROLPRENTSTER?**

Vriende van Rusland het onlangs 'n bioskoopvertoning vir 'n Sondagaand in een van Kaapstad se voorstede gereël. In die prent, met die naam „Geregtigheid Kom", kom o.a. voor die wraakmaatreëls wat die Bolsjewisme vir Europa in die vooruitsig stel en die vervolging van persone wat teen hulle werk. 'n Lid van die publiek het toe by die polisie gaan beswaar maak teen die voorgestelde Sondagsontheiliging, waarop die polisie ingegryp en die vertoning belet het — tot groot ergernis van jingo's en kommuniste. 'n Paar dae later het daar in die Engelse pers 'n brief van die kant van die organiseerders van hierdie vertoning gekom waarin die beswaarmaker gedaag word om sy naam te noem. Miskien sal hy later in aanmerking kom vir 'n rolvervulling in die prent „Geregtigheid het Gekom".

**POLISIE BESKERM VLEIS**

'n Sterk afdeling polisie het verlede week in aller yl na die parlementsgebou gehaas om die partypolitieke heiligdom in beskerming te neem teen 'n veronderstelde vrouebetoging wat glo sou plaasvind as protes teen die hongersnood. Parlementslede was glo veral bekommerd oor die veiligheid van die skottels vleis in die parlementêre eethuis, waarvan daar 'n dag of wat tevore so onnadenkend melding gemaak is in die pers.

**REGSTREEKS ONDER MOSKOU**

'n Paar dae nadat die leier van die kommunistiese party in Italië teruggekeer het van 'n besoek aan Moskou, het die kommunistiese party se fondse in die bank van Napels skielik met 25,000,000 lira gestyg. Sedert dien het die kommuniste 'n geweldige propaganda-offensief op tou gesit met onbeperkte fondse tot

(Vervolg in vorige kol.)



NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
*Kommando*
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH 2288

DEFTIGE SOMERSHOEDE
in groot verskeidenheid
by
Steyns
Parow se Moderne
DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
(Edms.) Bpk.
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders
*Die Laan, Stellenbosch.*

*£1000 vir u Oë*
Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.
*DUWAS*
*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*
'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.
Van alle Apteke, of direk van
DIE VOORTREKKER-APTEEK
KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).

## *Geklassifiseerde Advertensies*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Handelsarvertensies:** 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

**Persoonlike Advertensies:** 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

**INTEKENGELD.** (Streng vooruitbetaalbaar.)

**Deur Kommando:** 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.

**Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.:** 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.

**Adresveranderinge:** 1/- per adresverandering.

### VERLOWING

**DÜRR-DU TOIT** — Hiermee maak ons, Louie Dürr, jongste dogter van mnr. en mev. Willie Dürr van Malmesbury, en J. F. J. du Toit, Sanlam, Malmesbury, (alias ou Perd) jongste seun van mnr. en mev. S. J. du Toit van Graaff-Reinet, aan familie en vriende bekend dat ons op 1 Februarie 1945 verloof geraak het.

### HUWELIK

**BUYS-STORM.** Hiermee wens ons twee, Joey, oudste dogter van mnr. en mevr. J. H. Storm, Middelburg, Tvl., en Annanias, sewende seun van (Wed.) Mevr. J. H. Buys, van Pretoria, bekend te maak aan familie, Brandwagte en kennisse dat ons huweliks-bevestiging plaasvind D.V. op die 8ste Maart 1945, in die N.H. of Gerf. Kerk, Middelburg, Tvl. Telegramme: Uitkyk, Middelburg, Tvl.

### PERSOONLIK

**BARBICAN-ATELJEE.** — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotograwe nie! Kunswerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisensiefoto's. **Barbicangebou, Presidentstraat. Teenoor Stadsaal Johannesburg. Foon 33-6756.**

BOERE ondersteun die man wat nog altyd in u belang opgetree het. Stuur u wol aan **mnr. P. W. Pohl, Port Elizabeth.** Verteenwoordiger vir Victoria-Wes, Carnarvon, Van Wyksvlei, Vosburg, Richmond, Murraysburg en Loxton. **P. W. S. Wenworth, Victoria-Wes.**

DAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. **Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 339.**

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 **jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

ONDERSTEUN 'n Afrikanersaak. A. P. **Swart vir Kruideniersware, eetware en alle** ander benodighede. **Carolinestraat 96, Brixton.** Foon 35-1879.

ONMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. **The Scientific Health Institute, Posbus 1336, Kaapstad.**

**POPULÊRE RESTAURANT;** Langstraat 164, Kaapstad, foon 2-1995. Smaaklike etes en gesellige atmosfeer. Ontvangste en spesiale dinees vir 32 mense kan gereël word. Sondae ook oop.

### BETREKKING VAKANT

BENODIG. Blokman. Moet sy werk ken, streng sober en eerlik wees. Meld salaris verlang so spoedig moontlik. Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.

BENODIG. 'n Blanke Afrikaanssprekende dame om vir drie kinders onderwys te gee vanaf aanstaande kwartaal, 9de April; een std. I en twee std. II. Salaris £12 per kwartaal met vry inwoning. Vir verdere besonderhede doen aansoek by **J. J. Coetzer, Waterkloof, P. K. Brentford, Somerset Oos, K.P.**

BENODIG: 'n Eerlike, fatsoenlike jongkêrel, ongetroud, vir algemene werk op saaiplaas in die Koeberg. Moet kan werk met trekker; Boerseun by voorkeur. Salaris £6 per maand, vry inwoning; 1 April te begin. Skryf aan A. Loubser, Bus 1, Durbanville.

### BELANGRIKE KENNISGEWING

DIE ondergetekende maak bekend dat hy sy wamakery en grofsmid na erf No. 126 (net agter sy garage) verplaas het. Die werk word uitgevoer net soos in die verlede. Ook het ons 'n groot voorraad gegalvaniseerde pype op hande. **W. A. Swanepoel, Posbus 80, Aberdeen.**

### HERSTELWERK

**HOEDE. — Vir kleur en herstelwerk bring u hoede na Sylvia Thomas, Henrystraat 130, Bloemfontein. Bestellings kan per pos gedoen word.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

# Joodse Vrees

## Duitse Beleid Het in Europa Klaar Wortel Geskiet

Die Joodse blad Jewish Herald is in die jongste tyd besonder besorgd oor die posisie van die Jode na die oorlog in „bevryde" Europa. **Die blad begin te besef dat 'n demokratiese oorwinning aldaar nog nie 'n Joodse oorwinning gaan beteken nie, omdat die Duitse anti-Joodse beleid reeds te diep wortelgeskiet het in die besette lande.**

In sy jongste uitgawe publiseer die blad 'n brief van 'n Joodse soldaat wat dit sy werk gemaak het om oral in die „bevryde" lande navraag te doen na die houding van die bevolking teenoor die Jode. Hy som sy bevindings in die volgende bewoording op:

„Een van die vrae wat ek gestel het oral waar ek gekom het, was oor die Jode, hul toekoms, ens. **Die antwoorde was omtrent altyd dieselfde, ongeag of die man wat ek gevra het, Frans, Pools, Tsjeggies, Duits of enige van die ander groot aantal volkere was wat hier gevind word.**

„Die antwoord self is: **,Die afgelope vyf jaar het ons getoon dat ons heeltemal bekwaam en in staat is om sonder die Jode klaar te kom, wat per slot van rekening nooit juis bemind was nie. Die Jode? Nee, ons wil hulle nie weer by ons hê nie. Ons het geleer hoe om sonder hulle te lewe en ons is bly daaroor'.**

„Dit is die vernaamste argumente wat nie net deur die ou inwoners gebruik word nie, maar selfs deur diegene wat deur die Duitsers hierheen gebring is vir dwangarbeid uit ander Europese lande", aldus die brief.

**OMWENTELING**

Hierdie toedrag van sake in Europa, sover dit die Jood betref, is maar 'n enkele openbaring van die hele omwenteling wat daar in die Europese gedagtegang plaasgevind het in die afgelope vyf jaar.

**DIE GEALLIEERDES EN HUL JOODSE BASE SAL WEL LATER OOK MOET ERKEN DAT HIERDIE MENSE NIE NET ANTI-JOODS IS NIE, MAAR OOK IN WESE ANTI-DEMOKRATIES, OMDAT DIE PARLEMENTêRE DEMOKRASIE ORAL GEDIEN HET AS WAPEN VIR DIE JOODSE KAPITALISME OM DIE CHRISTENVOLKE UIT TE BUIT.**

Hierdie ontdekking by die Jode sal egter steeds meer daartoe bydra dat hulle die kommunisme sal aangryp as hul redding, want slegs die kommunisme met sy staatskapitalisme en ras-blindheid bied vandag vir die Jode 'n veilige tuiste, soos Rusland treffend bewys. Ook in ons land neem die Jode die voortou om 'n kommunistiese revolusie teweeg te bring. **Daarom ook dat die Springbok-legioen wat as tuiste vir oud-soldate geadverteer word, onder dieleiding van ene sersant-majoor Isacowitz staan.**

### BENODIG

ELECTROLUX Yskas (refrigirator) vir onmiddellike gebruik. Besonderhede aan: **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

(a) 50 Sakke vars, droë Perskepitte. Meld soort en prys. Klein hoeveelhede welkom.
(b) 4 Sakke beste gehalte vars Okkerneute.
(c) 5 Sakke bitter of Hardedop Amandels.
— Herholdt se Boomkwekerye, Posbus 660, Johannesburg.

### TE KOOP

BESTE kwaliteit Vroeë Kaapse plat uiesaad 6/6 pond vir minstens 5 pond regstreeks van die Afrikaner produsent geen spekulant. **R. J. van Rensburg, Posbus 7, Willowmore.**

BESOEK of skryf aan ons vir huis- of kantoormeubels. (Meld wat u nodig het). Gratis verpakking en spoorvrag. **Springbok-Meubels, Victoriaweg 171, Woodstock.**

EERSTEKLAS **UIESAAD.** Vroeë Kaapse Plat Geel, 7/6. Australiese Bruin, 6/-. Spaanse Bruin, 6/-. Kaapse Strooi, 6/-. Alles per pd. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

**MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak** waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

O! BEETSAAD — Dit is Eclipse Beetsaad, Detroit tiepe en Egiptiese platbeetsaad, 12/- per pond. Chantenay wortelsaad, 12/- per pond. Detroitbeetsaad 10/- per pond.

BESTE Australiese Bruin-uie-saad, 7/- per pond. Beperkte hoeveelheid. Gesertifiseer. Posvry en K.M.B. — **J. J. Spies, Premier Saadkweker, Rus-en-Vrede, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

ONS bied aan Gesifte Karoomis teen 38/6 per ton; Rumis teen 12/6 per ton (minimum 12 ton); Ganna Loogas, die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm, teen £1 per sak. V.O.S. ons stasie. Aflewering dadelik. 90% afslag op spoorvrag aan Transvaal en Natal boere. Kontant met bestelling aan **Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska.**

SKAAPHONDJIES. — Ouers baie fluks en uitstekende werkers. Reuntjies £1-10-0; Tefies £1. Gelewer Letjesbosch Stasie. **P. F. Ras, Heuningleegte, Letjesbosch, K.P.**

SOUT. — Ondersteun u mede-Afrikaner: Spesiale AI £2-19-2, Sneeuwit No. 1 £2-14-2, Wit No. 2 £2-9-2 per ton vry gelaai soutwerke. Adres: **M. Venter P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.**

SOUT onmiddellik versend A 1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton. V.O.B. Soutpan. K.M.B. — H. J. de Beer, Rusplaas, P.K. Florisbad.

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS. —** Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden. Potgieterstraat 258. Pretoria.**

### WYNE

☞ GELLING Muskadel-likeur £2-12-6; Anker £3-17-6. **5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

## Vir die Boerejeug — Maand Februarie

Volgens belofte van die Jeugleier, wat elke maand 'n opstel van 'n Boerejeuglid in verband met geskiedkundiege gebeurtenisse op sy verjaardag in die vooruitsig gestel het, plaas ons hiermee die eerste opstel. Dit is geskryf deur Jan Meiring wat hierdie week tien jaar oud word. Hy skryf:

„Ek is gebore op 12 Februarie 1935 op 'n boereplaas in die distrik Vryheid. Die maand Februarie beteken baie vir ons volk. Op 6 Februarie is Piet Retief deur die wrede Soeloes vermoor. Op 17 Februarie het die dapper seun Daniël Bezuidenhout te perd in die donker nag geja om die laers te waarsku teen die Soeloebendes. Op die 27ste Februarie die slag van Amajuba. Ongelukkig kon ek niks kry omtrent die 12de Februarie nie."

### VERJAARDAGKETTING

**8 Feb.:** Martie Nieuwoudt, Stellenbosch; Ena Loubscher, Noorder Paarl; Bettie Botha, Somerset-Oos; Burnes v. d. Mescht, Port Elizabeth; Paul Hendreksz, Marquard.

**9 Feb.:** Drien Geldenhuys, Parow; Helena le Grange, Beaufort-Wes; Margaretta Reese, Worcester; Marianna Smit, Tiervlei; Phillippus v. Achterberg, Origstad; Leonard Haasbroek, Ganskuil.

**10 Feb.:** Anna Nortje, Beaufort-Wes; Francois Victor, Merweville; Maria Visser, Sutherland; Johannes v. Eeden, Humansdorp; Barend Joubert, Kirkwood; Albertus Louw, Stellenbosch; Beaulah Snyman, Beaufort-Wes; Cinchana v. Rensburg, Groot Brakrivier.

**11 Feb.:** Andries Retief, Paarl; Paul Roux, Paarl; Martein Krynauw, Mosselbaai; Petro Nel, Kirkwood; Petrus Kapp, Port Elizabeth; Carine v. Niekerk, Wellington; Hester Steyn, Paarl; Hendrik Botha, Koedoeskop; Jan Wheeler, Vryburg.

**12 Feb.:** Siebert Wild, Stellenbosch Jacoba Fourie, Lambrechtsdrift; Robert Kanneberg, Woodstock; Isabella v. Eden, Stellenbosch; Anna du Preez, Groot Marico; Sybrand v. Vuuren, Utrecht; Jan Meiring Utrecht; Michael Meiring, Utrecht.

**13 Feb.:** Willie Esterhuyse, Sutherland; Jacob v. Rensburg, Lambrechtsdrift; Naomi Mulder, Humansdorp; Christiaan Weyers, Beaufort-Wes; Magrietha v. Staden, Amalia; Daniel v. Staden, Amalia; Andries Strydom, Potgietersrust; Martinus Erwee, Wesselbron.

**14 Feb.:** Anna Kirschbaum, Eppingtuindorp; Maria Steenkamp, Springbok; Anna v. Heerden, Delmas; Lourens Terblanche, Ganskuil; Gert Wessels, Fouriesburg.

**O.B.-SKRYFBLOKKE**
met 2 pakkies bypassende koeverte.
DIE BESTE GEHALTE VOOR-OORLOGSE PAPIER.
**3/6** posvry.
KONTANT MET BESTELLING.
Bestel deur:
Gebiedshoofkwartier
Kamer 603, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MÔREMARK (Posbus 7185) NEWTON

*BOLAND BOTTELSTOOR*
HOOFSTRAAT 73
PAARL
Foon 984

**G. A. FICHARDT, Beperk**
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

ONDERSTEUN ! ! ! !
Poskantoor Haarkappers
Kerkstraat 173 - - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.
Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

*ALGEMENE HANDELAAR*
en
*PRODUKTE KOPER*
S. J. KRYNAUW
vir
Kruideniersware teen die billikste pryse.
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.
H/v. GARCIA en NUWESTRAAT
Foon 68 Bus 84
BEAUFORT-WES.

MÔREMARK PRETORIA
●
BOERE! vir die beste dienste, stuur u produkte, eiers, en lewendehawe, aan ons vriende
*PRINSLOO & VENTER*
WELGEMOEDGEBOU
Bus 361 Telefoon 2-2208
PRETORIA

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG.
*KOOP NOU !*
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
**Werda Meubelhandelaars**
(Eiendoms.) Beperk.
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6808.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.